Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord

Die Meester begeef Hom alleen na die top van die Olyfberg. Die gesprek tussen die Godheid en die Menseseun JaHshua

**Hoofstuk 65** Maar Ek (**JaHshua**) verlaat die huis en begeef My alleen die Olyfberg op, van waar mens `n wye uitsig oor Jerusalem en die hele omgewing gehad het.

[2] Daar skei die Godheid (die Gees) in My Haarself van die Menseseun JaHshua en spreek met Hom: "Kyk, vóór Jou lê die stad van Jou lyding, **wat in die komende dae sal begin,** as Jy vrywillig die juk op Jou sal neem wat tot verlossing van die hele mensdom sal dien!

[3] In Jou aardse liggaam, geskei van My, is Jy `n mens soos elke ander. Jy het daarna gestreef **om die Gees in Jou te wek,** wat die volheid van die Godheid self is. Jy het met opoffering van Jou eie wil die wil van die Almag in Jou laat groei. Maar nou hang dit van **Jou wil as mens self af**, of Jy die laaste en swaarste werk op Jou sal wil neem. Daarom vra Ek Jou: "**Wil Jy as My Seun opgaan in die Vader**, deur alles uit te voer wat Hy Jou beveel om te doen? Of wil Jy as Seun van die mens net tot hierdie mensdom behoort en net van hierdie wêreld bly?

[4] Jy kan `n heerser wees oor die wêreld en `n Verlosser van die wêreld bly; maar Jy kan ook `n wegwyser na My toe wees, wat na die sentrum van Elohim se hart lei, **deur volledig in My op te gaan** en daardeur `n **heerser oor die lewe te word vir alle ewighede**. Jy kan `n voorspreker van die mensdom wees - van die wesens wat uitgegaan het, geskape deur My mag en hulle terugkeer na die hart van die Vader; maar Jy kan ook `n voorspreker van die Liefde wees, **wat die Wysheid gebied om Haar regverdigheid in barmhartigheid te verander**. Kies dan nou, terwyl Jy voor oë het wat daar met Jou liggaam sal gebeur, of Jy die **weg naas My of die weg in My** wil bewandel; want nou val die laaste beslissing!"

[5] Toe spreek die siel van JaHshua, die Menseseun: "Vader, U wil is altyd die van Myne, en **alleen U wil geskied!** Want wat die aarde My kan gee, het eers deur U deel van die aarde geword. Ek wil egter die regte weg gaan en slegs uit U Hand ontvang wat My ten deel sal val, en sodoende wil Ek steeds net aan U wil gehoorsaam wees!"

[6] Daarop sê die Godheid in die hart van die Menseseun: "**Nog één keer sal Ek jou vra soos vandag**, en dan sal gebeur wat Jy wil, as Jy nog dieselfde antwoord gee! Maar kyk nou wat die wêreld Jou sal bied!"

[7] **In stille gebed bly die Menseseun nou op die berg**, en begeef Hom vervolgens voor sonsopkoms na benede na die huis van Laserus, sonder dat iemand dit gemerk het.

Die intog in Jerusalem

**Hoofstuk 66** Die volgende môre, nog voor die son opgegaan het, was almal wakker, en Ons begeef ons dadelik na buite.

[2] Daar roep Ek My leerlinge, die twaalf apostels, om My heen en sê die volgende aan hulle: "My geliefdes, **hierdie dag sal vir die Seun van die mens tot `n dag van hoë eer word**, omdat die Vader dit ter wille van die mense so wil! Maar tog sal dit julle nie dieper raak as wat die gees in julle toelaat nie, sodat julle nie hoogmoedig sal word nie! Sluit julle harte dus vir alle influisteringe van ydelheid en heerssug, sodat die vyand geen mag oor julle sal kry en julle tot sy instrumente maak nie!"

[3] Toe vra die leerlinge, onder wie ook Judas hom weer bevind het, wat teen die oggend in die geheim teruggekom het: "Meester, hoe bedoel U dit, en waarmee kan ons onsself teen die vyand beskerm?"

[4] **Ek** sê: "Sien toe, en **open julle siele vir die lig van die Wysheid,** dan sal julle nou begryp waarvan die profete gespreek het! Wees slegs vir Elohim lief en nie die wêreld nie, dan sal julle julleself ook teen alle aanvalle kan beskerm!"

[5] Hierop wend Ek My na die rigting van Jerusalem en roep hardop: **"Maar jy, Dogter van Sion, maak jou gereed om jou Koning te ontvang!"**

[6] Na hierdie woorde kom die son helder stralend op met `n glans, soos nog nooit gesien was nie, en op dieselfde oomblik sien My leerlinge - behalwe Judas, wat opgewonde langsaan gestaan het - met geestelike oë, hoe `n **groot, omvangryke stad** haarself in die eter vorm, wat `n ewebeeld van die aardse Jerusalem was, **maar baie pragtiger**. Wyd was die poorte geopen, en `n onafsienbare menigte pragtige menslike gestaltes staan daar vol verwagting, asof hulle op `n vors wag wat daar ingebring sou word.

[7] Slegs vir `n kort tyd duur die geestelike visioen; daarna verdwyn die beeld, en Ek sê aan hulle: "**Daar word die Seun verwag en sal Hy van nou af aan troon tot in ewigheid.** Dit is billik dat ook die Seun van die mens verhoog word. Kom en volg My!"

[8] Petrus vra My of Ek wil gaan sonder om van Betánië afskeid te neem en sonder om vir Laserus en sy susters op hoogte te stel.

[9] Ek sê: "Weet jy waarom dit nodig is? Maar Ek weet wat vir My noodsaaklik is om te doen. Maak jou dus oor niks bedruk nie! Laserus en sy susters sal weet om Ons op die regte oomblik te vind - netsoos nog vele ander vir wie hierdie dag nodig is."

[10] Nou sê die leerlinge niks meer nie, maar hulle verwonder hulle baie en vra hulleself fluisterend af wat My opmerklike manier van doen sou beteken het; want so het hulle My vir `n lang tyd nie meer gesien

nie. Maar Johannes vermaan hulle om hulle van elke woord te weerhou en stilswyend te doen wat Ek sou verlang, sodat daar nie die minste teen My wil gedoen sou word nie. Dit beloof almal ook, en veral Petrus verseker plegtig dat hy My tot in die hel sou volg, ook al wis hy nie waarom Ek hierdie weg gaan nie.

[11] Judas, wat die woorde gehoor het, sê glimlaggend: "Vriend, die Meester weet wel welke weg Hy moet gaan! Nie na die hel nie, **maar tot roem en eer van Sy volk** bewandel Hy die weg van die gestuurde Elohim!"

[12] Vol geesdrif kyk hy na My; want My harde woorde lyk vir hom die bevestiging te wees van al sy wense, **sodat hy die weg oop sien lê na alle eer, wat ook hy sou ontvang as wegbereider van die Messias**, wat baie aan hom te danke sou hê.

[13] Petrus kyk verbaas na Judas, wat so `n trotse, selfbewuste houding toon, maar hy swyg, omdat die hele gebeure van hierdie môre vir hom baie vreemd voorkom, en saam met die ander elf sit hy nou rustig sy weg voort.

[14] Ons het nou halfpad op die weg van Betánië tot by die poorte van Jerusalem gekom. Voor ons aan die linkerkant lê `n dorpie, wat Bétfagé heet, maar wat nou heeltemal verdwyn het. Hier vra Ek My leerlinge of twee van hulle aan My `n liefdesdiens wil bewys. Almal meld hulle aan daarvoor. Ek kies vir Johannes en Petrus uit en dra hulle op om na die plekkie te gaan wat hulle voor hulle sien. **Daar sou hulle by die eerste huis `n eselin vind wat daar vasgemaak met haar vul geloop en wei het.**

**[15] (Die Heer:) "Bring vir My die vul; want Ek het haar nodig!** As mense julle vra wie julle gestuur het, antwoord dan maar net: "Dit is die Meester, en Hy het die dier nodig!", dan sal hulle haar aan julle gee!" (Markus 11:1- 3)